## DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VERGADER IN DIE MOEDERSTAD

Op Dinsdagmiddag, 23 Januarie 1962, het die hoofbestuur van die Historiese Genootskap in Kaapstad bymekaar gekom om 'n aantal dringende sake af te handel. By die geleentheid is die dagbestuur opnuut saamgestel toe dr. J. J. van Tonder vir die sewende agtereenvolgende keer tot voorsitter verkies is. Omdat dr. M. C. E. van Schoor weens drukte van werksaamhede nie verkiesbaar was nie, is prof. D. J. Kotzé in sy plek tot ondervoorsitter verkies. Na mnr. W. A. Cruywagen se verkiesing tot lid van die Volksraad en sy gevolglike uittrede uit die hoofbestuur van die Genootskap, is mnr. J. H. Dippenaar in sy plek as penningmeester verkies. Dr. P. J. Venter is as sekretaris herkies.

Die hoofbestuur het by die geleentheid o.a. oorweging geskenk aan die wenslikheid van 'n wapen vir die Genootskap. Geen finaliteit is oor die saak bereik nie en gevolglik is 'n onderkomitee bestaande uit mnr. C. Pama, bekende heraldikus, en prof. D. J. Kotzé aangewys om voorstelle in die verband aan die hoofbestuur voor te lê.

Dieselfde aand is 'n goed bygewoonde vergadering van Kaapstadse lede van die Genootskap en ander belangstellendes in die Hugenote Gedenksaal gehou. Veral is oorweging geskenk aan die wenslikheid om 'n selfstandige afdeling van die Genootskap in Kaapland in die lewe te roep. Hoewel dit nie aan geesdrif ontbreek het nie, is die praktiese probleme verbonde aan so 'n onderneming nugter onder die oë gesien en is na breedvoerige bespreking besluit om die inisiatief vir so 'n handeling oor te laat aan die bestaande tak van die Genootskap in Kaapstad en omgewing onder voorsitterskap van prof. Hanekom van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch.

Aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J. de Klerk, wat die vergadering bygewoon en 'n kragtige boodskap tot die aanwesiges gerig het, is as blyk van waardering die eerste ses jaargange van Historia oorhandig. Ook is die aand op paslike wyse afskeid geneem van mnr. en mev. W. A. Cruywagen wat die Genootskap sedert sy ontstaan op onbaatsugtige wyse gedien het.